



05/10/2012

WEEK 40 – 2012

### **In hierdie uitgawe...**

- **Waardetoevoegende belastingverligting op sorghum en sorghummeel**
- **Garsmarkinligting vir die Mei 2013-plantseisoen**
- **Landboutoestande vir koring soos op 3 Oktober 2012**
- **Voorkom kwelea-skade by koring só**

## **Waardetoevoegende belastingverligting op sorghum en sorghummeel**

*Wessel Lemmer (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

► Onder mandaat van 'n vergadering van die sorghumbedryf, wat op 10 Junie 2011 gehou is, het Graan SA op 25 Oktober 2011 'n versoek aan Tesourie gerig waar die BTW nulkoers op sorghum en sorghummeel aangevra is.

By dié vergadering was rolspelers vanuit die hele waardeketting teenwoordig. Hierdie rolspelers het ingesluit, Agricol, die LNR-IGG, Dannhauser Malt (Edms) Bpk, Isithebe Moutaanleg, King Foods Corporation, Pannar Saad, SANSOR, Senwes, Boyne Roller Mills, United Breweries en Graan SA.

Vorige pogings om die Nasionale Tesourie te oortuig om 'n nulkoers op sorghum en sorghummeel toe te staan, was onsuksesvol vir verskeie redes waaronder, die belastingbasis, ekwiteitsoorwegings en die juistheid van sulke vergunnings op die armes. Die Nasionale Tesourie is van mening dat die meriete van 'n nulkoers op sorghum en sorghummeel, nie swaarder weeg as hierdie beleidsake nie. Die redes hiervoor is:

- Verskillende BTW koerse op verskillende goedere is oor die algemeen nie 'n effektiewe manier om die armes by te staan nie.
- Die beperkte voordele wat 'n belasting nulkoers vir verbruikers inhoud, lei nie tot 'n verwagte styging in verbruikersvraag nie en sal produsente dus nie van hulp wees nie.
- Die huidige nulkoers op ander grane sal nie 'n kompeteterende voordeel relatief tot sorghum skep nie.
- Sorghum word nie hoofsaaklik deur armes verbruik nie en is nie van groot belang in die begroting van arm huishoudings, soos wel die geval is met mielies, nie. Sorghum en sorghumprodukte het daarom weinig meriete vir die sogenaamde pro-arm BTW vergunnings.

Die Nasionale Tesourie is nie oortuig dat BTW verligting die mees gepaste, billike en koste-effektiewe manier is om die sorghumbedryf by te staan nie. Die afname in sorghumproduksie is bekend en ondersteuning kan moontlik vanaf die Departement van Landbou kom indien daar 'n sterk saak daarvoor is.

Graan SA se versoek om 'n BTW vergunning vir sorghum toe te staan vir 'n getal jare (vyf), word nie deur die Nasionale Tesourie ondersteun nie, op grond van die volgende vier redes:

- Die strukturele aanpassing in die prys van sorghum blyk permanent te wees en sal nie verbeter met 'n BTW nulkoers nie.
- Dit sal polities en sosiaal problematies wees om so 'n vergunning om te draai sodra dit in die markstruktuur vir sorghum geabsorbeer is.
- So 'n vergunning kan meer voordeelig wees vir groot- en kleinhandelaars, omdat dit onwaarskynlik is dat die kleinhandelsprys sal verlaag tot die volle omvang van die BTW vergunning.
- Enige BTW vergunnings sal 'n verdere vraag na selfs meer vergunnings veroorsaak.

Addisionele BTW vergunnings sal die BTW sisteem kompliseer en voldoeningskoste aan die ondernemer meebring en dit is ook oneffektief, omdat dit nie op die armes gemik is nie.

Die Nasionale Tesourie neem kennis van die afnemende sorghumbedryf, maar met inagneming van al die bogenoemde, kan hul nie Graan SA se versoek ondersteun nie.

## Garsmarkinligting vir die Mei 2013-plantseisoen

*Wessel Lemmer (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

### ► Leon Groenewald tree uit as voorsitter van die Garsbedryfskomitee: Wes-Kaap

Leon Groenewald het op Woensdag, 26 September 2012, die tuig as voorsitter van die Garsbedryfskomitee in die Wes-Kaap neergelê. RD Erasmus is in Groenewald se plek as voorsitter verkies. Groenewald wens die nuwe voorsitter voorspoed toe en doen 'n beroep op garsprodusente om Erasmus met dieselfde lojaliteit te ondersteun as wat hyself geniet het. Die uittredende voorsitter bedank elke garsprodusent en wens hul 'n voorspoedige oestyd en geseënde toekoms toe. Graan SA bedank Groenewald en sy gade vir sy leierskap en persoonlike tyd wat hy oor jare heen as voorsitter in die moutgarsbedryf van die Wes-Kaap belê het.

### SAB/M se kultivarbehoeftes vir 2013

Die volgende kultivarbehoeftes (**Tabel 1**) is vanaf SAB/M ten opsigte van die 2013-produksieseisoen ontvang. Skakel met jou landboumaatskappy en bevestig jou saadbestelling vir die komende plantseisoen.

Tabel 1: SAB/M se kultivarbehoeftes vir 2013.

Kultivar benodig	Hoeveelheid (ton)	% van totaal
• Erica	60 000	37,5%
• Nemesia	60 000	37,5%
• SSG 564	20 000	12,5%
• S6	20 000	12,5%
• S9	3 000	1,875%
• S12	1 000	0,625%
Totaal	160 000	100,0%
SAB vereiste	<b>160 000</b>	<b>100,0%</b>
Verskil	-	-
Invoersubstituut		
S5	20 000	
Hoë stikstof Nemesia	5 000	
	<b>185 000</b>	

Garsprodusente moet asseblief daarop let dat aanplantings en saadbestellings in oorleg met jou landboumaatskappy beplan moet word. Aanplantings moet dienooreenkomsdig die moutgarsmark se kultivarbehoeftes gedoen word. Moet dus asseblief nie aanvaar dat die produksie van moutgars onvoorwaardelik opgeneem sal word nie. Tensy jy vir die voergarsmark produseer, moet jy jou aanplantings streng volgens die vereistes soos met jou ooreengekom doen en asseblief nie meer van een kultivar aanplant as wat deur die moutgarsmark individueel by jou opgeneem gaan word nie.

Graan SA is bewus daarvan dat landboubesighede tans 'n "Voorneme om moutgars te plant/saai"-opname onder produsente maak, wat aan produsente meer duidelikheid oor die vraag en aanbod van individuele kultivars kan gee.

### **Surplus gars**

Geen gewaarborgde mark vir surplus gars, alhoewel Graan SA daaraan werk, bestaan op dié stadium nie. Geleenhede, soos die uitvoer van moutgars na Afrika/ander lande en plaaslike markte, soos vir vervoer, word ondersoek.

### **Nasionale Garsbedryfskomitee**

Graan SA se Hoofbestuur het besluit dat die Nasionale Garsbedryfskomitee in die toekoms as 'n Spesialis Werkgroep binne die bestaande Graan SA struktuur sal funksioneer. Vir dié doel sal 'n werkswyse op skrif gestel en geïmplementeer word. Die volgende Nasionale Spesialiswerkgroepvergadering word voor die einde van 2013 beplan. Die finale datum vir die vergadering sal later aan die komitee deurgegee word.

## **Landbutoestande vir koring soos op 3 Oktober 2012**

*Petri Fourie (ekonom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

### **► Somersaaigebiede**

Vir wintergewasse in die somersaaigebied lyk die algemene landbutoestande goed. Die koring is nog relatief jonk, wat goeie opvolgreën noodsaaklik maak.

#### Vrystaat

Produsente in die **sentrale gedeeltes** van die Vrystaat meld dat hulle koring baie goed lyk. Gemiddelde opbrengste word verwag mits opvolgreën vir die res van die seisoen voorkom.

Produsente in die **Oos-Vrystaat** meld dat die koringoes tans belowend lyk. Die koring is nog jonk, maar met goeie opvolgreën gedurende Oktober en middel-November kan gemiddelde tot bo-gemiddelde opbrengste verwag word.

#### **Wintersaaigebiede**

Koring in die Wes-Kaap lyk oor die algemeen baie goed en goeie opbrengste word verwag.

#### Swartland

Toestande in die Swartland lyk uiters goed en bogemiddelde oeste word verwag. Produsente behoort middel- tot einde Oktober te begin stroop.

#### Suid-Kaap, Rûens-gebied

Die landboustande in die **Overberg Agri-bedieningsgebied** was die afgelope seisoen gunstig vir wintergewasverbouing omrede tydige en goeie reën voorgekom het. Produsente behoort hulle koring oor ongeveer 'n week te begin stroop en bogemiddelde opbrengste word verwag.

In die **SSK-gebiede** (Swellendam, Riversdale, Heidelberg en Mosselbaai) lyk die koring baie goed. Produsente het hier en daar al begin stroop, maar behoort oor twee weke volstoom besig te wees. Bogemiddelde opbrengste word verwag.

## Voorkom kwelea-skade by koring só

*Corné Louw (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

► Rooibekkwelea kan groot skade aan koringgewasse aanrig. Produsente word aangemoedig om betyds op te tree en nie te wag totdat dié vinke eers skade aangerig het nie.

Indien kwelea in jou omgewing opgemerk word, kan die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye se hulp ingeroep word. Volg egter eers die volgende stappe:

- Identifiseer die korrekte slaap- of broeiplek van die swerm.
- Indien die geïdentifiseerde area nie die eiendom van die klaer is nie, moet die klaer toestemming vir die betreding en moontlike beheeraksie van die betrokke grondeienaar verkry.

Vir 'n ter plaatse inspeksie en die beheer van rooibekkwelea, kontak mnr Colin Burke by (012) 319-7574 of 082 451 4861.